

HOOFSTUK 8

8. EMPIRIESE ONDERSOEK

8.1 Inleiding

Die teoretiese begroning van die empiriese ondersoek word in hierdie hoofstuk uiteengesit. Na motivering van die vraelysmetode as die mees toepaslike tegniek in die uitvoering van die ondersoek, word die respondente beskryf. Die eerste en finale redaksie van die vraelys word daarna verder uiteengesit. Die lengte van vraelyste en rangskikking van vrae is belangrike faktore wat die getal terugsendings beïnvloed; daarom word hierdie aspekte kortliks bespreek. Die begeleidende en opvolgbrief, sowel as terugontvangs van vraelyste geniet aandag in die laaste gedeelte van die hoofstuk.

8.2 Keuse van die ondersoekmiddel

Om inligting van die 204 respondente (kyk par. 8.3), wat in die ondersoek betrek is, op die mees ekonomiese wyse (met betrekking tot tyd en geld) te verkry, is besluit om van die vraelysmetode gebruik te maak. Persoonlike besoeke aan skole, wat die enigste ander metode sou wees om die verlangde inligting te bekom, het buiten die ekonomiese nadele ook verdere gebreke, naamlik:

- a. so 'n besoek sou tydens skoolure moes plaasvind, wat noodwendig ernstige inbreuk op die skoolhoof se daaglikse pligte kon meebring;
- b. met betrekking tot bepaalde kwalitatiewe items sou die hoof moontlik van sy kollegas wou raadpleeg;
- c. 'n tydsgebonde onderhoud kan tot onoorwoë response aanleiding gee; en
- d. die anonimiteit van die respondent word in 'n onderhoudsituasie geskaad, waardeur waardevolle, persoonlike menings oor bepaalde sake agterweë sou bly.

Daar is egter ook belangrike voordele verbonde aan persoonlike besoeke aan skoolhoofde, wat terselfdertyd as nadele van die vraelysmetode beskou kan word:

- a. bepaalde response, wat moontlik verkeerd vertolk kon word, kan in die onderhoudsituasie bespreek en geverifieer word;
- b. 'n vollediger beeld van die praktyk van gedifferensieerde onderwys in elke skool sou verkry kon word; en
- c. honderd persent terugvordering van vraelyste sou verseker word, wat meer beduidende gevolgtrekkings oor die hele populasie moontlik sou maak.

8.3 Respondente

Die nasionale beleid van gedifferensieerde onderwys, wat op 1 Januarie 1972 geïmplementeer is (kyk par. 5.5), is nie slegs van toepassing op die sekondêre skool nie, maar het ook implikasies vir die primêre skool. Alhoewel hierdie implikasies in die praktyk van die primêre skool minder sigbaar is, is besluit om primêre en sekondêre skole in die ondersoek te betrek.

In die Oranje-Vrystaat is daar volgens die 1975-skoleregister van die RGN 53 primêre skole wat 4 en minder onderwysers het. Van hierdie 53 skole het 50,9% (27) minder as 20 leerlinge en 20,8% (11) minder as 10 leerlinge. In 1975 was die totale aantal leerlinge in hierdie skole 1 329, met 'n onderwyserstal van 90. Globaal gesproke beteken dit 1 onderwyser vir elke 15 leerlinge. Die verdeling van standers in 'n junior en senior primêre fase en standerd 5, met ten minste 1 onderwyser per klas, sou 7 onderwysers vereis. Indien substanders A en B en standers 1 en 2 vir onderrigdoeleindes gegroepeer word, sou ten minste 5 onderwysers benodig word om die onderrig enigsins doeltreffend te hanteer.

Met doeltreffende differensiasie as kriterium is besluit om primêre skole met 4 en minder onderwysers vir die doel van hierdie studie uit te skakel. Aan opvoedkundige kriteria getoets, kan 1 onderwyser nie binne die bestek van 'n

gewone skooldag met betrekking tot die leerstof doeltreffend genoeg differensieer en remedieer met leerlinge van meer as een standaard in 'n klas nie.

Al sou die onderwyser die leerstof op watter wyse ookal organiseer, sou dit steeds beteken dat 2 leerlinge van verskillende standerds in dieselfde klas elk slegs 50% van die aandag kry. As gevolg van die klein kind se aandagsfluktueerbaarheid kan nie daarop staat gemaak word dat hy op sy werk sal konsentreer terwyl die onderwyser byvoorbeeld die ander leerling se leesles aanhoor nie.

Na uitsluiting van die genoemde 53 skole is die res van die populasie primêre skole in die Oranje-Vrystaat in die ondersoek ingesluit, naamlik 115 skole, wat soos volg saamgestel is:

Afrikaanse primêre afdelings van gekombineerde skole:	43
Afrikaanse primêre skole	: 64
Engelse primêre afdelings van gekombineerde skole	: 4
Engelse primêre skole	: 4
Totaal	<u>115</u>

Met betrekking tot die sekondêre skole is besluit om die 7 Juniorhoërskole vir doeleindes van hierdie ondersoek uit te sluit. Op grond van die samestelling van hierdie skole sou skoolhoofde slegs kommentaar kon lewer oor aspekte rakende die junior sekondêre skoolfase. Die vraelys (kyk bylaag 2) is verder ook nie so saamgestel dat groepe items slegs op bepaalde skoolfases betrekking het nie.

Na uitsluiting van die genoemde 7 Juniorhoërskole is die res van die populasie sekondêre skole in die Oranje-Vrystaat in die ondersoek ingesluit, naamlik 89 skole, wat soos volg saamgestel is:

Afrikaanse sekondêre afdelings van gekombineerde skole	: 43
Afrikaanse sekondêre skole	: 40
Engelse sekondêre afdelings van gekombineerde skole	: 4
Engelse sekondêre skole	: <u>2</u>
Totaal	<u>89</u>

Die totale aantal respondente wat in hierdie ondersoek na die implementering van die nasionale beleid van gedifferensieerde onderwys in die Oranje-Vrystaat ingesluit is, kom op 204 te staan.

8.4 Samestelling en toepassing van die vraelyste

8.4.1 Redigering van die vraelyste

Na aanleiding van onderhoude met 'n aantal skoolhoofde in Wes-Transvaal en die bestudering van antisipasies van Rossouw (1974) met betrekking tot moontlike probleme wat in die kleiner sekondêre skole in die Oranje-Vrystaat met die implementering van Goewermentskennisgewing R2029 mag voorkom, is voorlopige vraelyste saamgestel.

By wyse van 'n eerste redaksie is die primêre en sekondêre skool vraelyste in persoonlike onderhoude met hoofde van skole in die Potchefstroom komprehensiewe eenheid bespreek. Vrystaatse skole is nie vir die eerste redaksie gebruik nie, omdat dié skole dan in die finale ondersoek uitgesluit sou moes word, wat die getal respondente sou verminder. Die doel van hierdie redaksie was verder hoofsaaklik om onduidelike en dubbelsinnige items te identifiseer en uit te skakel. Daarna is elke item in beide vraelyste met die Hoof van die Vrystaatse Onderwysburo, Mnr. J.J. le Roux, bespreek. Op grond van aanbevelings en kritiek wat op hierdie wyse bekom is, is die items vir die finale redaksie van die vraelyste geselekteer.

8.4.2 Finale samestelling van die vraelyste

Alle items in die vraelyste word onafhanklik van verdere kontak met die navorsers deur respondente (skoolhoofde) voltooi, sodat dit geklassifiseer word as indirekte of ekstrospektiewe vraelyste. 'n Groot aantal items bevat gestruktureerde response om die respondent se aandag rondom bepaalde moontlikhede te sentreer. Daar is ook 'n aantal ope items waarop die respondent die vryheid het om sy persoonlike ervaring weer te gee.

Beide vraelyste is ook in Engels vertaal vir versending aan Engelse skole.

8.4.2.1 Vraelys aan primêre skole (Bylaag 1)

Die volgende sake word in hierdie vraelys ondersoek:

- a. die kriteria waarvolgens leerlinge in klasse binne dieselfde standerd gegropeer word (vergelyk vraag 3);
- b. die mate waarin vakonderwys in beide fases van die primêre skool geïmplementeer word (vergelyk vrae 4 en 5);
- c. die wyse waarop Opvoedkundige Voorligting aan die st. 5-leerlinge gegee word en die plek van die Voorligter en Remediërende onderwyser op die personeel van die primêre skool (vergelyk vrae 6, 7, 12 en 13);
- d. die toevoeging van spesiale en aanpassingsklasse aan sekere primêre skole (vergelyk vrae 8, 9, 10 en 11); en
- e. die voor- en/of nadele wat die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel vir die primêre skool meebring het (vergelyk vraag 14).

8.4.2.2 Vraelys aan sekondêre skole (Bylaag 2)

Die volgende sake word in hierdie vraelys ondersoek:

A. Algemeen

- a. die rasionaliteit vir die aanbieding van Funksionele Wiskunde en Funksionele Natuur- en Skeikunde (vergelyk vrae 2 en 3);
- b. die verhouding tussen die getal leerlinge wat Rekeningkunde en Wiskunde Hoër en Standaardgraad en die Eerste Taal Hoër Graad aangebied, geslaag, gedruip en A-simbole behaal het (vergelyk vraag 4);

c. die gelyktydige aanbieding van Hoër en Standaardgraadvakke in dieselfde lokaal (vergelyk vrae 5 en 6);

B. Praktiese kursus

d. die Praktiese kursus(-se) wat deur skole aangebied word en die getal leerlinge wat dié kursus(-se) volg (vergelyk vraag 1);

e. die nodige fasiliteite, byvoorbeeld laboratoria en lokale vir praktiese werk, personeelvoorsiening en beskikbaarheid van handboeke vir leerlinge in die Praktiese kursus(-se) (vergelyk vrae 3, 4 en 5);

C. Voorligting

f. faktore wat die doeltreffendheid van Voorligting mag beïnvloed, naamlik die gelyktydige aanbieding van groepvoorligting aan een of meer klasgroepe van 'n bepaalde standerd en die aanvulling van groepvoorligting met individuele onderhoude (vergelyk vrae 2 en 3);

g. die prioriteit wat aan verskillende personeellede en die skoolsielkundige diens verleen word in die hantering van bepaalde probleme (vergelyk vraag 4); en

h. die afneem van sekere psigometriese toetse in die skool en die verhouding wat daar tussen Voorligtingswerk en vakonderwys in die tydsverdeling van die Voorligter gehandhaaf word (vergelyk vrae 6 en 7).

8.4.3 Lengte van die vraelyste

Daar is gepoog om die vraelyste so kort as moontlik saam te stel, maar terselfdertyd wou alle inligting wat van belang is tog bekom word. Die vraelyste aan primêre en sekondêre skole bestaan onderskeidelik uit 14 en 25 items, met enkele onderafdelings waarin verklaring en motivering van sekere response vereis word. In die vraelys aan sekondêre skole kan die items oor die funksionele vakke egter slegs deur 4 tegniese skole beantwoord word, omdat geen ander skole dié vakke aanbied nie. Die Praktiese kursus word verder ook

deur 'n beperkte aantal skole aangebied.

Gemeet aan die kriterium wat deur Lovell (1970, p. 94) gestel word, naamlik dat die lengte van 'n vraelys nie 30 items moet oorskry nie, behoort die afsonderlike vraelyste nie op grond van lengte onbeantwoord te bly nie. Probleme met betrekking tot terugsendings mag egter wel in die hand gewerk word deur die feit dat gekombineerde skole 'n primêre en sekondêre vraelys moet beantwoord.

8.4.4 Rangskikking van vrae

In beide vraelyste is gepoog om items waarin bloot feitelike gegewens vereis word ten aanvang te stel en daarna geleidelik oor te gaan na items wat meer besinning van die respondent eis. Items wat suiwer feitelike gegewens vereis, word opgevolg met items waarin kwalifisering en motivering daarvan gevra word.

8.4.5 Begeleidende brief (Bylaag 3)

In 'n begeleidende brief aan die respondente is die doel van die vraelys ten aanvang omskryf, waarna aangedui is dat toestemming van die Direkteur van Onderwys ontvang is om die vraelyste aan skole te stuur. Deur die aanhaling van 'n gedeelte uit die toestemmingsbrief van die Onderwysdepartement, waarin 'n beroep op skoolhoofde gedoen word om die gevraagde inligting te verskaf, word amptelike outoriteit aan die vraelyste verleen.

Deur beklemtoning van die konfidensialiteit wat aan die inligting verleen sal word, word 'n beroep op die respondent gedoen om openhartig te responder. Die terugsendingsdatum is op 2 Mei 1977 gestel.

8.4.6 Opvolgbrief (Bylaag 4)

Een maand na die verstryking van die terugsendingsdatum is 'n opvolgbrief, waarby 'n kopie van die betrokke vraelys(-te) ingesluit is, aan respondente gestuur wat versuim het om die voltooide vraelyste binne die gestelde tyd terug te stuur. Hierin is 'n beroep op dié respondente gedoen om die voltooide vraelyste voor of op 23 Junie terug te stuur. Begrip is verder uitgespreek vir die administratiewe pligte wat na die Aprilvakansie vraelys=terugsendings moontlik kon vertraag of verhoed het.

8.4.7 Terugontvangstes

Na verstryking van die terugsendingsdatum is 80,2% (65) vraelyste van sekondêre en 73,0% (84) vraelyste van primêre skole terugontvang. 'n Aantal vraelyste is verder na die uitstuur van 'n opvolgbrief ontvang, sodat die totale terugontvangstes op 91,0% (81) sekondêre skool en 86,1% (99) primêre skool vraelyste te staan gekom het.

8.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die vraelys as ondersoekmiddel eerstens gemotiveer. Daarna is 'n uiteensetting van die samestelling van die respondente gegee. Die samestelling en toepassing van die vraelyste is verder onder die volgende hoofde bespreek: redigering en finale samestelling van die vraelyste, lengte van die vraelyste, rangskikking van vrae, die begeleidende en opvolgbrief en die terugontvangstes.

In hoofstuk 9 sal vraelysresponse met betrekking tot primêre skole aangebied en bespreek word.